BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30 | Maandag 21 Julie 1986 | WINDHOEK | Monday 21 July 1986 | No 5235

INHOUD:

*Bladsy*

GOEWERMENTSKENNISGEWING

No. 141 Afkondiging van Wysigingswet op Paaie, 1986 (Wet 13 van 1986), van die Nasionale Vergadering. 1

CONTENTS:

*Page*

GOVERNMENT NOTICE

No. 141 Promulgation of Roads Amendment Act, 1986 (Act 13 of 1986), of the National Assembly. 1

## Goewermentskennisgewing

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. 141 1986

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), deur die Nasionale Vergadering aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 18 van daardie Proklamasie: —

No. 13 van 1986: Wysigingswet op Paaie, 1986.

## Government Notice

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. 141 1986

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly and signed by the Administrator-General in terms of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R.101 of 1985), is hereby published in terms of section 18 of that Proclamation: —

No. 13 of 1986: Roads Amendment Act, 1986.

Wet No. 13, 1986 **WYSIGINGSWET OP PAAIE, 1986**

**VERDUIDELIKENDE NOTA:**

_______ Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

# WET

**Tot wysiging van die Ordonnansie op Paaie, 1972, ten einde ander voorsiening te maak betreffende die voorsitter van 'n padraad; om voorsiening te maak vir die benoeming van 'n waarnemende voorsitter in omstandighede waar die voorsitter van 'n padraad gedurende enige tydperk nie in staat is om op te tree nie en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 9 Julie 1986)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering, soos volg:-

Wysiging van artikel 5 van van Ordonnansie 17 van 1972.

**1.** Artikel 5 van die Ordonnansie op Paaie, 1972, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) (a) 'n Beampte in die Departement van Vervoer wat deur die Kabinet daartoe benoem is, is die voorsitter van so 'n raad.

(b) Indien die voorsitter gedurende enige tydperk om die een of ander rede nie in staat is om as sodanig op te tree nie, kan die Kabinet 'n ander beampte in die Departement van Vervoer benoem om as voorsitter gedurende daardie tydperk op te tree.

(c) 'n Beampte benoem kragtens paragraaf (b) het, gedurende die tydperk wat hy as voorsitter optree, al die bevoegdhede en verrig al die pligte van die voorsitter. ".

Kort titel.

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Paaie, 1986.

**EXPLANATORY NOTE:**

_______ Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

# ACT

**To amend the Roads Ordinance, 1972, so as to make other provision in relation to the chairman of a roads board; to make provision for the appointment of an acting chairman in circumstances where the chairman of a roads board is unable to act during any period and to provide for incidental matters.**

*(English text signed by the Administrator-General on 9 July 1986)*

BE IT ENACTED by the National Assembly, as follows:-

**1.** Section 5 of the Roads Ordinance, 1972, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection: Amendment of section 5 of Ordinance 17 of 1972.

"(2) (a) An officer in the Department of Transport appointed thereto by the Cabinet, shall be the chairman of such a board.

(b) If the chairman is for some or other reason unable to act as such during any period, the Cabinet may appoint another officer in the Department of Transport to act as chairman during that period.

(c) An officer appointed under paragraph (b), shall, during the period that he acts as chairman, have all the powers and perform all the duties of the chairman. ".

**2.** This Act shall be called the Roads Amendment Act, **1986.** Short title.